

# Rapport Bybelvertaling

*English Summary:*

*The new Afrikaans Bible Translation is very important for our churches since it will be a more literal translation, and the last literal translation we had is from 1933. Deputies have been involved in all the discussions surrounding this translation and have been very involved in giving commentary on the translation work that has been done. Deputies are positive about this translation so far, but since it must still go through its last phases, it is still too early to make a (provisional) decision for our Afrikaans speaking churches.*

Die *Bybel Direkte Vertaling* (BDV) vorder! Soos u sal verstaan is Bybelvertaling 'n reuse taak, en ons is baie dankbaar dat daar steeds met 'n goeie pas aan hierdie projek gewerk word. Toe die projek begin is, was 2017 die teikendatum om die nuwe Bybelvertaling offisieel uit te bring. Op die oomblik word daar gewerk na 2020.

Ons het dit reeds in die verlede genoem, maar ons insiens is hierdie projek 'n baie belangrike projek vir ons as kerke. Ons gebruik huidiglik 'n Bybelvertaling wat uit 1933 dateer, en dit is baie belangrik dat ons ook vir die nuwe generasie 'n goeie leesbare Bybel kan saamgee. Die BDV wil juis ook 'n meer letterlike vertaling wees, net soos die 1933/53 Bybelvertaling wat ons tans gebruik.

Die deputaatskap het nie goed gefunksioneer nie. As gevolg van allerlei omstandighede kon sommige van die lede deurentyd nie vergader nie. Die aard van die werk vereis gelukkig nie dat daar so baie vergader hoef te word nie. Dit is ook werk wat as individue verrig kan word.

## **Betrokkenheid by die nuwe Bybelvertaling**

Elke jaar het die Bybelgenootskap 'n paar vergaderings oor die BDV. Sommige vergaderings handel oor vertaling self, ander oor die vordering van die werk, en weer ander oor 'n spesiale uitgawe van die BDV. Ons het hierdie vergaderings bygewoon en ook offisieel die VGKSA daar verteenwoordig.

Ons was dus ook weer betrokke by die gesprekke oor die spesiale uitgawe van die BDV. Dit is 'n uitgawe waarin die apokriewe boeke nie opgeneem sal word nie, waar die vertaling duidelik maak dat daar 'n Messiasverwachting in die Ou Testament was, en waar die inleiding op die Bybelboeke nie opgeneem word nie. Laasgenoemde is nog 'n saak van gesprek.

Ons het die afgelope jare weer kommentaar gelewer op die voorgestelde vertaling. Dit is 'n reuse werk, en ons kon ongelukkig nie heeltemal byhou met die spoed wat die nuwe materiaal uitgekóm het nie. Ons is dankbaar vir die klompie bydraes wat wel gemaak kon word. Aangeheg is 'n voorbeeld van hierdie tipe kommentaar wat ons gelewer het aan die Bybelgenootskap.

Die afgelope paar jare was ook die eerste keer dat ons regtig kon sien wat met ons kommentaar op die voorgestelde vertalings gedoen is. Ons het vir die eerste keer materiaal ontvang wat deur fase 3 van die projek gegaan het. Dit is dus die vertaling waarop die vertaalkomitee besluit het nadat alle

voorstelle en kommentaar in ag geneem is. Nie alle voorstelle vir verandering wat ons gemaak het, het natuurlik dieselfde gewig nie. Ons is baie dankbaar dat by baie Bybelboeke ongeveer die helfte van ons voorstelle aangeneem is. Om 'n voorbeeld te gee, in ons kommentaar op 1 Johannes is ongeveer 50% van ons voorstelle vir veranderings aanvaar, 20% is in voetnotas opgeneem, en 30% is nie aanvaar nie.

Dit het in die begin ook gelyk of sekere Bybelse taal dalk 'n bietjie verlore kan gaan in hierdie vertaling (bv. die gebruik van 'rykdom' in plaas van 'heerlikheid'), maar hierin het daar ook steeds sterker 'n wens tot letterlike vertaling gegroei. Dit is selfs so dat daar huidiglik besluit is om sommige "vreemde terme" net so in Afrikaans om te sit. Dit gaan byvoorbeeld oor die destydse militêre range, geldeenhede, ens. Die BDV wil soveel as moontlik bly by die oorspronklike metafore, beelde en styl van die oorspronklike teks.

In die verlede het daar totaal ongegronde verdagmaking teen die BDV plaasgevind (veral deur eposse wat rondgestuur is). Ons is dankbaar dat dit vir 'n groot mate nou agter die rug is.

Ons is opgewonde oor die plek wat die BDV in ons kerke kan inneem in die toekoms. Die werk is natuurlik nog nie gefinaliseer nie, en daarom kan ons nog nie besluite oor die nuwe vertaling en sy plek in die kerke maak nie. Ook die BDV se uitgawe van die Nuwe Testament en die Psalms (in 2014) is nie 'n finale weergawe van die vertaling nie, en daarom kan dit ook nie werklik vir ons as toetssteen dien nie. Ons is dankbaar vir die groot erns waarmee daar gewerk word om 'n betroubare vertaling te gee.

## **Vordering van die BDV**

Die vertaalproses van die BDV loop basies deur vyf fases:

1. Die Vertaalkommissie maak 'n vertaling uit die bronteks.
2. Hulp van buite word ingeroep op die terrein van die bronteks en Afrikaans. Kommentaar word op die voorlopige vertaling gelever.
3. Die kommentaar word beoordeel en die vertaling word aangepas.
4. Die konsekwentheid van die vertaling word getoets. Met ander woorde, daar word nagegaan of sekere formules en terme deurentyd dieselfde vertaal is.
5. Die vertaling word afgerond en gefinaliseer vir publikasie.

Hieronder volg hoe ver die vertaling tot dusver gevorder het:

### **Ou Testament**

Fase 1 – 100%

Fase 2 – 86%

Fase 3 – 0%

## Nuwe Testament

Fase 1 – 100%

Fase 2 – 100%

Fase 3 – 100%

Fase 4 en 5 sal waarskynlik nie so lank neem nie. Uit bostaande statistieke kan u sien dat die hele Ou Testament nog deur fase 3 moet gaan. Dit beteken dat nog net 34% van die Bybel op die oomblik deur fase 3 gegaan het. Dit is in die lig van hierdie groot werk dat ons kyk na 'n publikasie datum van rond 2020 vir die BDV.

## **Terugvoering na die kerke**

Ons het veral op twee maniere probeer terugvoer gee aan die kerke oor die BDV. In die eerste plek het ons by sommige gemeentes mondelinge terugvoering gegee (soms ook deur middel van iemand anders wat iets namens ons aangebied het). Verder het ons ook twee artikels in Kompas geplaas oor die BDV.

## **Opdrag aan nuwe deputate**

Die opdrag aan die nuwe deputate kan ons insiens net so herhaal word.

Met hartlike groete in Christus

Jopie van der Linden